kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Kan ons geloof in God groei?

"Deur dankbaarheid en verwondering!"

Skriflesing: Lukas 17:11-19 (1953)

[11] EN op sy reis na Jerusalem het Hy deur Samaría en Galiléa gegaan.
[12] En toe Hy in 'n sekere dorp ingaan, kom tien melaatse manne Hom tegemoet, wat op 'n afstand bly staan het.
[13] En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees ons barmhartig!
[14] En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle aan die priesters. En onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.
[15] En een van hulle, toe hy sien dat hy gesond was, het omgedraai en God met 'n groot stem verheerlik.
[16] En hy het op sy aangesig neergeval by sy voete en Hom gedank. En hy was 'n Samaritaan.
[17] Toe antwoord Jesus en sê: Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege?
[18] Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie?
[19] En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered.

Broodjies vir die pad

Die Heilige Berouvolle Rower (oorl. 33 n.C.)

Was dit die spykers wat deur pols en enkels dring
of jou makker se geworstel en wrewel en gevloek
wat skielik die skrander en skrynende insig bring,
of die bloedbevlekte blaaie van jou lewensboek?

Was dit die oplig vanaf die aarde wat perspektief
verleen, die gestrekte arms van 'n swygsame man,
of die géselspore en doringkrans, ootmoedige dief,
wat die hardnekkige drang na selfgelding wan?

Wat noop jou om na die Een langs jou uit te reik
wanneer die dood steeds dower in jou ore druis,
sodat jy roep: "Dink aan my, Here, in u koninkryk"?

Heilige rower, wat ternouernood die saligheid steel,
bid dat ook ek wat hang aan 'n hartstog se kruis
saam met die leeu en lam voor sy voete mag speel.

Jacobus van der Riet

Be true to yourself, help others, make each day your masterpiece, make friendship a fine art, drink deeply from good books - especially the Bible, build a shelter against a rainy day, give thanks for your blessings and pray for guidance every day.

John Wooden

Sometimes our light goes out but is blown into flame by another human being. Each of us owes deepest thanks to those who have rekindled this light.

Albert Schweitzer

I would maintain that thanks are the highest form of thought, and that gratitude is happiness doubled by wonder.

Gilbert K. Chesterton

Thankfulness is the beginning of gratitude. Gratitude is the completion of thankfulness. Thankfulness may consist merely of words. Gratitude is shown in acts.

Henri Frederic Amiel

◆◆◆

Promovendi van de Wageningen University (WUR) mogen in hun proefschrift toch God danken. Na een storm van kritiek trekt het bestuur het verbod daarop in.

Dat meldt de universiteit aan Trouw. De regeling raakte onlangs in opspraak omdat het college van promoties een argotechnoloog had opgedragen om zijn dankwoord af te plakken. Hij begon zijn proefschrift met de zin 'My Father God, thank You, it's the most wonderful thing to be loved and honoured by You' en een citaat van Augustinus.

Wat de WUR betreft paste het dankwoord niet bij de wetenschappelijke statuur van het proefschrift. Immers: ze had in september nog een oude regel bekrachtigd die voorschreef dat de publicatie op religieus en politiek gebied 'vrij van kleur' moest zijn. Toen de promovendus weigerde om de passage af te plakken, kreeg hij te verstaan dat hij de betreffende pagina moest uitscheuren.

Uni wil 'tegemoetkomen aan een behoefte'
Volgens een woordvoerder is het college bij nader inzien te streng geweest. 'We hebben ontdekt dat we mensen hiermee tekortdoen', vertelt hij. 'Dat wil je niet, als het gaat om zo'n belangrijk levenswerk.' De WUR wil nu 'tegemoetkomen aan een onderkende behoefte'. Later wordt bekend hoe de nieuwe regeling eruit komt te zien. De promovendus wil niet te diep ingaan op de kwestie, maar laat weten dat hij blij is dat er 'alsnog ruimte is voor inspiratiebronnen'.

http://www.trouw.nl/tr/nl/5091/Religie/article/detail/3611905/2014/03/13/Wageningen-zwicht-promovendi-mogen-God-toch-danken.dhtml

◆◆◆

Most memorably, biblical texts are injunctions embedded in stories that show the consequences for various individuals and groups who followed or failed to follow-- such as Abram who followed straight away. Go! Go and do! Multiply! Feed! Hear! See! Behold! Remember! Eat! Drink! Preach! Heal! Baptize! Call! Pray! Weep! Laugh! Proclaim! Keep silent! Sing! Biblical texts are full of injunctions to start something!

Biblical texts are not problems to be solved or principles to be applied. The stories of others who encountered these injunctions and then followed or did not and the consequences of their personal decisions engage us: What would we do? What will we do in response -- here, today? "In other words we cannot stand back as uninvolved spectators and simply work out the allegorical or ethical implications. Reading these [biblical] narratives ... means learning how to continue the series (or discovering that we do not know how to continue it). This is something every reader of the Bible grasps immediately and intuitively, but errors tend to creep in when we try to conceptualize our intuitions." (Gabriel Josipovici, The Book of God: A Response to the Bible, 1988, p. 229)

http://sacraconversazione.blogspot.com/2008/01/second-sunday-in-lent.html

Brood vir die pad

Beginsels is daar om oor te kan twyfel

Wilhelm Jordaan

In die omgewing waar ek woon (en sekerlik ook in ander kontreie) maak duiwe ’n koergeluid wat, op klanknabootsing af, kompleet klink soos ’n koor van professore wat raserig uitroep: “Dít is die be-g-i-n-sel, dít is die be-g-i-n-sel, dít is die be-g-i-n-sel!”

So begin ek toe beginsels bedink. “Beginsel” beteken verskillende dinge, byvoorbeeld “grondslag”, soos in Isaac Newton se Principia Mathematica of “eerste waarheid”, soos die Latynse wortelwoord beduie.

In die volksmond verwys beginsels merendeel na oortuigings en morele beskouings wat dikwels as “Die Enigste Waarheid” aangebied word.

En ons stel dit ten toon in frases soos: Sulke beginselloosheid kan ek nie verduur nie. Het jy dan nie oortuigings nie? Ek het darem mý beginsels, hoor!

Dat ons beginsels het, is gaaf. Minder gaaf is hoe ons hulle soms aanwend. Daar is die gewilde óf-óf-manier, byvoorbeeld: óf evolusie óf geloof; iets is óf reg óf verkeerd; jy is óf vír my óf téén my; enso(óf-óf)voorts. Sulke beginselvastheid word dikwels verstaan as tawwe morele spierkrag.

Daar is egter iets soos onnadenkende beginselvastheid wat ’n mens blind kan maak vir die ontdekking van alternatiewe moontlikhede en die vind van kompromieë.

’n Komiese dog sprekende voorbeeld daarvan is die geval van twee kokke (Koos en Klaas) wat stry oor wie die enkele lemoen in die kombuis moet gebruik vir ’n resep wat elkeen wil uittoets.

Koos wil die lemoen hê, want sy resep vereis die sap van een lemoen. En Klaas se resep benodig die skil van een lemoen. Word die lemoen gehalveer, is daar te min sap én te min skil. Die probleem kan egter opgelos word as Koos en Klaas dié óf-óf-benadering sou verruil vir die kompromis van én-én: Klaas gebruik die lemoen se skil en Koos die sap.

Dié voorbeeld sê ook: In beginsel (!) behoort ons die wêreld en sy dinge deur die bril van “én-én” eerder as “óf-óf” te beskou.

Maar ons doen dit nie omdat ons wesenlik te lui of te bedreigd voel om die gemaksones van ons vaste oortuigings te verruil vir ’n bietjie tergende onsekerheid. Dit ís mos veel makliker om te sê: Ek is reg; jy (julle) is verkeerd; dít is waar, dát is vals; dít is goed, dát is sleg.

Wie volgens die óf-óf-beginsel die wêreld van mense en dinge beskou, loop algaande gevaar om meganies te leef; amper soos ’n geprogrammeerde morele one-arm bandit wat bloot volgens vaste reëls reageer.

Dit maak ’n mens dalk minder onseker, maar só gaan die lewe in sy volheid by ons verby. Die én-én-benadering eis die teendeel: Ek is nie oortuig nie; kom ons dink weer.

As die duiwe weer in die tuin “Dít is die be-g-i-n-sel, dít is die be-g-i-n-sel” koer, gaan staan stil en twyfel ’n bietjie.

jordaanw@netactive.co.za

http://www.dieburger.com/opinie/2014-03-11-van-alle-kante-beginsels-is-daar-om-oor-te-kan-twyfel

Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877